



Aksie van die burgerlike samelewing: Saam die toekoms in met Afrikaans

22 September 2017

OPROEP VIR BENOEMINGS VIR DIE ATR SE KOKERTOOKENINGS 2017

Die Afrikaanse Taalraad (ATR) nooi lidorganisasies en die algemene publiek uit om kandidate vir die Kokertoekennings van 2017 te benoem.

Die Kokers is die ATR se manier om erkenning te gee aan mense wat besondere bydraes tot Afrikaans gemaak het. Hierdie jaar se wenners sal op **Vrydag 17 November** gedurende 'n funksie op die Zevenwachtlandgoed te Kuilsrivier aangekondig word.

Kokerkategorieë

Kokers word toegeken vir bydraes in drie kategorieë, naamlik:

- Bevordering van Afrikaans;
- Beskerming van Afrikaans; en
- Bemagtiging van Afrikaanssprekendes.

Drie jeugtoekennings (jonger as 35 jaar) word ook onder dieselfde kategorieë gemaak, asook 'n algemene toekenning vir 'n lewenslange bydrae tot Afrikaans.

Maatstawwe vir die nominasie van kandidate

Die ATR is tot stand gebring na afloop van 'n raadplegende proses in die Afrikaanse gemeenskap en kragtens art. 185 van die SA Grondwet.

E-pos: conrad@afrikaansetaalraad.co.za

Sel: 078 142 6673

www.afrikaansetaalraad.co.za

Direksie: J.D. Gouws (Voorsitter), F. Allie (Ondervoorsitter), C.I. Steenkamp (Uitvoerende Hoof), A-M. Beukes, W. A. Boezak, P.J.W. Buys, A. De Vries, L. Du Plessis, M. Jonas, S. Mlambo, R. Olivier (Programbestuurder), M. Kruger-Evert (Sekretaris en kommunikasiebeampte), S. Marais (Projekbestuurder)

U kan dus altesaam sewe kandidate nomineer. Betrokkenheid by Afrikaans en die Afrikaanse taalgemeenskap geld as 'n belangrike maatstaf. Ons mik ook daarop om die net wyd te gooi en om ook bydraes op gemeenskapsvlak in te sluit. Persone wat in die verlede toekennings ontvang het, is, onder andere, Adam Small, Ton Vosloo, Marlene le Roux, Cerneels Lourens en Susan Smith.

Gebruik asseblief die nominasievorm onderaan hierdie brief om u kandidaat of kandidate te benoem. Indien die gier u pak, kan u ook meer as een kandidaat per kategorie benoem. Die nominasievorms moet voor of op **20 Oktober 2017** aan die ATR se sekretariaat gestuur word (atr@afrikaansetaalraad.co.za).

Kies van die finaliste

Die finaliste vir die kokertoekennings en die jeugtoekennings sal voor die Kokergeleentheid aangekondig word.

Met vriendelike groete

Conrad Steenkamp

Uitvoerende Hoof

KOKERTOOKENINGS – NOMINASIEVORM

Inligting oor Genomineerde	
Naam en van	
Organisasie	
Telefoon	
E-posadres	
Nominasiekategorie	<p>Kies asseblief een van die volgende kategorieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kokertoekennings vir “Bevorder” • Kokertoekenning vir “Bemagtig” • Kokertoekenning vir “Beskerm” <p>Indien u ’n persoon vir meer as een kategorie wil nomineer, vra ons dat u ’n aparte vorm vir elke nominasie invul. Vul asseblief ook ’n aparte vorm vir elke kandidaat in.</p>
Motivering	<p>Wees asseblief so duidelik as moontlik oor u redes vir die nominasie. Indien u die persoon onder meer as een kategorie wil nomineer, moet u ’n aparte motivering vir elk van die kategorieë gee.</p> <p>Bykomende inligting kan apart gestuur word.</p>
Inligting oor Nomineerder	
Naam en van	
Organisasie	
Telefoon	
E-posadres	
Verhouding met die genomineerde	